Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS NET MY BESTE

1 November 2024 Uitgawe: 5/4/2024

# UIT DIE KANTOOR

**Kommunikasie:**
Goeie kommunikasie is vir ons baie belangrik, maar somtyds laat die tegnologie mens in die steek. Ouers moet asb. kennis neem dat ons tans probleme ondervind met D6. Die probleem lê by die diensverskaffer. Hulle werk tans aan die probleem. Ons hoop om teen Maandag weer die platform te gebruik.

**Buitemuurs:**
Volgende week eindig die tennis- en krieketligas en staak alle ander buitemuurs op Donderdag, 7 November. Neem egter kennis van die volgende:

- Tjokkies se blitsswemgala vind op Vrydag, 8 November by die UV swembad plaas. Die byeenkoms begin amptelik om 12:00. Om hierdie rede sal die skool op hierdie Vrydag om 11:00 verdaag, aangesien die personeel daar moet werk as beamptes.
- Die Entrepreneursdag (Kersmark) vir Gr. 4-7 sal steeds op Vrydag, 8 November by die skool plaasvind vanaf 8:00 - 10:30. Die laaste 30 min sal gebruik word op op te ruim. Let asb. daarop dit op die rugbyveld sal plaasvind. Leerders mag op hierdie dag gewone klere aantrek. Dit is gratis.

**Prysuitdelings:**
In die komende week gee ons graag erkenning aan al ons leerders wat mooi presteer het die afgelope jaar. Die volgende aande is opsy gesit vir die verskillende prysuitdelingsgeleenthede om 18h00. Dit vind soos volg plaas:

| | |
|---|---|
| Maandag, 4 November: | Voortrekker Prysuitdeling |
| Dinsdag, 5 November: | Gr. 4/5 Prysuitdeling |
| Woensdag, 6 November: | Gr. 6/7 Prysuitdeling |
| Donderdag, 7 November: | Grondslagfase Prysuitdeling |


Net ’n vriendelike herinnering dat u vroeg genoeg sal moet opdaag om ’n plekkie in die saal te kry. Maak ook asb. seker dat u voertuig gesluit is wanneer u parkeer en u voertuig verlaat. Daar loop heelwat voete in ons buurt rond daardie tyd van die dag. Ekstra sekuriteit is wel gereël.

**Vroeë verdaging:**
Ouers moet daarop let dat die skool op Vrydag, 8 November om 11:00 sal verdaag. Leerders wat aan die swemgala deelneem kan egter 10:45 verskoon word.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 31 Okt. - 3 Nov.: | Gr. 7 Afskeidstoer |
| 1 Nov.: | Brandfort swemgala |
| 1-2 Nov.: | SVS o/12 hokkieproewe (2025) |
| 4 Nov.: | Voortrekker prysuitdeling |
| | o/9 Krieketliga |
| | Tennisliga dogters |
| 5 Nov.: | Gr. 4/5 Prysuitdeling |
| | o/11 Krieketliga |
| 6 Nov.: | Gr. 6/7 Prysuitdeling |
| | Tennisliga seuns |
| 7 Nov.: | GSF Prysuitdeling |
| | o/13 Krieketliga |
| 8 Nov.: | Entrepreneursdag |
| | Tjokkies Blitsgala |
| | Mangaung Tennisproewe |
| | SVS o/11 Hokkieproewe (2025) |

# VERJAARSDAE



3 Nov.: Elzanne Stadler (Gr. 4)

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Dankie vir almal wie al gras gekoop het –

Jou bydrae is mag,

Dit gee vir ons krag –

Ons sien uit na ons nuwe grasperk,

MAAR ons gaan nog baie hard moet werk!!!

Help ons met ons droom,

Tjokkies beskik immers oor Bloemfontein se room!



# UITSLAE


Baie geluk aan al ons Tjokkie-atlete wat die afgelope naweek aan die JF Atletiekbyeenkoms deelgeneem het en puik gevaar het. Die uitslae was soos volg:

7x 1ste plekke
13x 2de plekke
5x 3de plekke
9x 4de plekke
5x 5de plekke
1x 6de plek

Baie geluk aan die volgende twee atlete wat nuwe rekords opgestel het tydens hierdie byeenkoms:

- Dogters 13 jr. - Mia Boshoff (75m Hekkies)
- Dogters 8 jr. – Karlien de Necker (60m)

Karlien is ook aangewys as die beste junior dogter baanatleet vir haar prestasie in die 80m vir dogters 8jaar.



# VAN DIE MAMMAS WAT BID

Ek luister in die week ‘n preek oor die belang daarvan om ander mense te “eer” en met waardigheid te hanteer. In hierdie preek sê die prediker, Ten Cunningham, *“There is nothing one person can say or do to that adds to another person’s value”*, want God het reeds die hoogste waarde aan elke mens toegeken. In Genesis 1:27 is geskryf:

*“God het die mens geskep na sy beeld, na die beeld van God het Hy hom geskep.”*

Wat ‘n wonderlike gedagte dat elkeen van ons uiters waardevol in God se oë is! Elke persoon is 'n persoonlike en unieke ontwerp van God, geskape met die grootste sorg en liefde. Hierdie waarde is verder bevestig deur Jesus se offer aan die kruis, soos in Romeine 5:8. Daar is werklik niks wat ek kan doen om te verander hoe God my “ag” of die waarde wat ek in Sy oë het nie. God se liefde en waardering vir ons is onvoorwaardelik en konstant, gebaseer op Sy karakter en nie op ons dade nie.

Dit is so belangrik om onsself aan hierdie waarheid te herinner wanneer self-vertwyfeling ons oorval. Ons moet hierdie waarheid ook doelbewus in ons kinders se lewens spreek. Die boodskap wat ons kinders daagliks van die wêreld ontvang, stel ander maatstawwe van “waarde” voor as dié wat ons in God se Woord vind. Die wêreld meet waarde dikwels volgens voorkoms, prestasies, en materiële besittings, terwyl die Skrif ons leer dat ware waarde in ons identiteit as kinders van God lê. As ouers is dit noodsaaklik om ons woorde en dade voortdurend te evalueer en te verseker dat ons kinders hul waarde in God **hoor** en **verstaan**. Ons moet hierdie waarheid aktief in ons huisgesinne **leef** en **uitspreek** sodat dit diep in hul harte geplant word.

Indien hierdie waarheid in ons en ons kinders se harte getatoeëer is, stel dit ons in staat om ander mense deur God se oë te sien. Ons sal besef dat, ongeag hoe iemand anders lyk, praat, of leef, hulle ook na die beeld van God geskape is en daarom oneindig waardevol is. Ek sluit af met die volgende gedagte:


*“You will never look into the eyes of someone God does not Love.”*

# SNUFFELS


WIN 1 of 10 trolley dashes at Toys R Us Babies R Us and Checkers Little Me, Mimosa Mall.
Dashes valued at R 5 000 each
SHOP-TO-DASH
14 October - 29 November 2024
Live trolley dashes: 30 November 2024.
How to enter:
1. Shop at any store in Mimosa Mall for R500 or more on one day.
2. Write your name, surname, ID number and contact details on the original till slip.
3. Drop the till slip into any of the entry boxes located throughout the Mall.
4. 10 winners will be selected via lucky draw.
MIMOSA MALL
little me
TOYS R US
BABIES R US
Terms & Conditions & How to Enter: www.mimosamall.co.za


BLOEMFONTEIN
MOTORS
Email: admin@bfnmotors.co.za | tel: 051 447 7042


Boeksakkies vir Gr. 4
7 boeksakke @ R350 of R50 elk.
Bestel en betaal kontant by
Juf. Lianza (Gr. 3 C)
(0724889802)
Beskikbaar vanaf 25 Okt.


Kia Sonet
The best just got better.
SONET GP
0% Deposit, 0% Balloon from
R 4 699pm
On a step payment plan
Ts & Cs apply. E & OE.
Kia Bloemfontein
52 Zastron Street
051 403 4200


VOLVO
Experience the power of innovation
in the new Volvo XC40 Mild Hybrid
and get R40 000 assistance
Volvo Cars, 52 Zastron St,Bloemfontein Central, Bloemfontein, 9301, Free State I 051 403 4200
www.bloemfontein.volvocars.co.za